



## Wat met Adam en Eva gebeur het

Onthou jy nog wat God vir Adam en Eva gesê het van die boom in die tuin? Onthou jy nog wat sou gebeur as hulle van die vrugte eet? Hy het gesê, “Die dag as jy daarvan eet, sal julle sekerlik *sterwe*.”

*Het* Adam en Eva op daardie dag dan gesterwe? Hulle *liggame* het nie op daardie dag gesterwe nie. In *daardie* opsig het Adam en Eva nog baie jare gelewe. Maar hulle het op 'n ander manier gesterwe.

Hulle is van God *vervreem*.

Om regtig gelukkig te wees, moet ons *naby* die Here lewe. Dit is verskriklik om sonder God te lewe, en om van Hom vervreemd te wees. En dit is presies wat met Adam en Eva daardie dag gebeur het. Hulle is van God geskei.

God het gereeld na die tuin gekom om met Adam en Eva te wandel en met hulle te gesels. Maar nadat hulle geëet het van die vrugte, wat God hulle *verbied* het om te eet, het Adam en Eva *bang* geword vir God. En hulle het *skaam* gekry. Hulle het weggehardloop en probeer wegkruip. Hulle het vir God probeer wegkruip, maar niemand kan mos vir Hom wegkruip nie!

Na 'n rukkie het God weer na die tuin gegaan en geroep, “Adam, waar is jy?”

Adam het *geweet* hy kon nie vir die Here wegkruip nie. God sien dan *alles*. Adam het toe uit sy wegkruipplek gekom en vir God vertel dat hy bang is. God het toe gesê, “Wat het jy dan gedoen?”

Toe moes Adam vir God *vertel* presies alles wat hulle gedoen het. Adam het so skaam gekry en was *so bang*.

God is 'n baie heilige God. Daar is geen sonde in Hom nie. Sonde maak ons *onheilig*, en hou ons ver weg van die Here af. Dit is hoekom hulle so bang was. As ons onheilig is, *kan* ons *nie* naby God lewe nie.

Adam en Eva het geweet dat hulle sonde gedoen het. Hulle was God ongehoorsaam. Dit is hoekom hulle bang was. Hulle het geweet God is heilig. Hulle het geweet hulle behoort gestraf te word vir hulle sonde.

God het vir Adam en Eva gesê dat daar nou pyn en siekte oor die aarde sou kom, en ook dat hulle *liggame* na 'n ruk sal sterwe. Toe het God hulle uit die pragtige tuin gestuur, omdat hulle nie meer daar *ingepas* het nie. Die tuin was nou te wonderlik vir sondige mense. Van nou af moet hulle *hard werk* om aan die lewe te bly. En God het nie meer na hulle gekom om saam met hulle te wandel en te gesels nie.

Op dieselfde dag toe Adam en Eva gesondig het, het daar allerhande onaangename dinge begin gebeur. Die *ergste* was, dat hulle van God *vervreemd* geraak en *bang* vir Hom geword het.

Sedert daardie dag was die mense altyd bang vir God. Ons kan nie *help* om bang te wees nie, veral as ons onthou dat God baie heilig, en ons baie sondig is.

Maar op dieselfde dag het God vir Adam en Eva belowe, dat *eendag* alles weer sal regkom, wonderlik sal wees. Hy het 'n *Verlosser* vir hulle belowe, wat die sondes sal wegneem en ons sal terugbring na God toe, sodat ons *nooit* meer bang hoef te wees nie.

### **Gesels hieroor:**

1. Hoekom was Adam en Eva bang vir God?
2. Wat het hulle probeer doen?
3. Kan jy vertel hoe hulle daardie dag gesterf het?
4. Kan jy nog van ander dinge vertel wat vir hulle baie onaangenaam was?

**Hier is 'n Bybelvers wat ons vertel hoekom ons partykeer vir God bang is:**

*Julle sondes het SY aangesig vir julle verberg.*

(Jesaja 59:2)

**Wat ons kan lees:**

*Genesis 3:7-10*

**Kom ons leer en sing hierdie lied, dis die eerste vers:**

In die paradys, by Eden,  
Leef die mens in oorvloed  
God het met die mens gewandel,  
Saam met Hom is die lewe goed.  
Hy beveel "Julle mag nie eet  
van die boom van kennis van goed en kwaad",  
Maar die mens, so ongehoorsaam,  
Glo vir Satan, vol van haat.

**Kom ons vra vir die Here om ons te help om reg te doen:**

*Vader, wanneer die duiwel wil hê dat ons sal sondig, help ons om te doen wat reg is. Ons wil graag naby U lewe. Vergewe ons asseblief al ons sondes, om Jesus wil. Amen.*

Marian Schoolland

© 2018

[www.christelikemedia.org](http://www.christelikemedia.org)

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'  
is deur Marianne Bron vertaal.*